



Dojie NUUS



ONS OOSIE WÊRELD

40/2024

22 November 2024

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouer/Voog

Ons sluit met hierdie laaste nuusbrief die jaar af.

Namate ons die einde van 'n merkwaardige skooljaar bereik, wil ek graag 'n oomblik neem om terug te kyk op die vordering, groei en prestasies wat ons as 'n skoolgemeenskap gedeel het.

Hierdie jaar het sy uitdagings gehad maar was grootliks suksesvol met talle onvergeetlike oomblikke. Ons leerders het hul toewyding binne en buite die klaskamer getoon, of dit nou deur akademiese prestasies, sportoortreffings, uitdrukking of gemeenskapsdiens was, dit was inspirerend om hul harde werk en passie te aanskou.

Ons is ongelooflik dankbaar vir die vertroude en vennootskap wat u as ouers en voogde in ons geplaas het. U ondersteuning—of dit nou is deur die bywoning van geleenthede, die vrywillige deelname, of die aanmoediging van u kinders om hul perke te oorskry—het 'n deurslaggewende rol gespeel in die sukses van ons skool.

Ons sien daarna uit om hierdie sterk vennootskap in die komende jaar voort te sit. Ons wens u en u gesin 'n vreugdevolle vakansie toe, vol onvergeetlike oomblikke.

Ons wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om ons opregte dank uit te spreek aan al ons borge, adverteerders en skenkers. Julle bydraes maak 'n groot verskil, nie net vir die skool nie, maar ook vir elke leerder wat daardeur geraak word. Julle ondersteuning help ons om geleenthede en hulpbronne te skep wat andersins nie moontlik sou wees nie, en ons waardeer elke gebaar van omgee en betrokkenheid.

Mag u 'n geseënde Kersfees beleef, gevul met liefde, vrede en vreugde, en 'n voorspoedige en gesonde Nuwe Jaar hê. Mag 2025 vir u en u geliefdes 'n jaar van seëninge, geluk en sukses wees.

Oos-Moot groete

S THERON
HOOF

ONS GROET



Afskeid neem is nooit maklik nie, veral nie van personeel wat soveel jare van passie en toewyding in die onderwys belê het nie. Ons neem vandag afskeid van personeellede wat diep spore by Oos-Moot getrap het.

Mnr Nico Kotzé (Hoof)

Ons skoolhoof, mnr Nico Kotzé tree na 'n merkwaardige loopbaan by ons skool aan die einde van November amptelik af. Hy het op 17 Julie 2000 by ons aangesluit as 'n onderwyser en het deur harde werk en toewyding sy pad gevind na die posisie van hoof, wat hy met groot verantwoordelikheid beklee het. Sy liefde vir onderwys, veral sy passievolle aanbieding van Geografie, het 'n blywende indruk op sy leerders en kollegas gelaat.

📍 Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186

☎ 012-332 0601 ✉ oosmoot@oos-moot.co.za

Liewe Meneer, jou onderwysloopbaan was soos een van die besoeke aan die wildtuin wat 'n mens nooit sal vergeet nie.

Daar is boeke en boeke vol herinneringe en foto's wat hiervan kan getuig. Saam met meneer het ons sonsopkomste en hart warmmaak oomblikke beleef. Meneer was 'n ongelooflike toergids om verskeie redes maar hoofsaaklik omdat meneer by God, die groot TOERGIDS van hierdie lewe gereeld gaan kers opsteek het.

Dankie dat meneer, meneer se kennis en passie en hart met elkeen van ons gedeel het. Saam met meneer was daar geen vervelige oomblik nie, ons het gelag dat die tranes loop, meneer het die lewe ingekleur met die ongelooflikste stories en musiek en ons saam laat sing wanneer meneer se ukulele die toon aangee.

Op hierdie roete van die lewe wat meneer gery het, beleef ons soms ook maar droogtetye, tye waar dinge in die natuur tot stillstand kom, tye waar ons ry en niks sien. Meneer het ons geleer om met nuwe oë nuwe plekke te gaan verken, want hoe dikwels is dit nie presies hier waar die lewe se wildtuin ons met die mooiste dinge bederf nie.

Meneer, die son het gesak op hierdie spesifieke wildsrit, maar onthou hoe mooi alles van hierdie wildsrit was. Dis nog lank nie die einde nie, soms gebeur daar dinge op hierdie roetes van die lewe wat onverwags is, verskyn daar afdraaipadjes waarlangs ons nie beplan het om te gaan nie, en dan moet meneer stuurwiel oorgee en met vertroue op hierdie nuwe paadjie begin ry.

Kort voor lank sal meneer op hierdie nuwe, onbekende pad ook die mooi langs die pad begin raaksien.

(Crisna Bezuidenhout: oud-Oosie leerder en onderwyseres)

Meneer Kotzé, dankie vir die jare van diens, jou leierskap en bydrae tot ons skool se groei. Mag jou aftrede gevul wees met vrede, rustigheid en 'n diepe gevoel van prestasie!

Me Karin Fourie (Onderwyseres)

Me Fourie het op 1 Januarie 1990 by ons skool begin, en in die afgelope 37 jaar in die onderwys 'n onuitwisbare merk op die lewens van talle jongmense gelaat. Haar tyd by ons skool, waar sy Lewenswetenskap en Natuurwetenskap met soveel toewyding aangebied het, is 'n getuigenis van haar liefde vir onderrig en haar uitsonderlike vermoë om kennis oor te dra.

Die woorde van die bekende gedig "Namakwaland" deur D.J. Opperman het my dadelik aan juffrou Karin Fourie laat dink, want so het die Here dit ook jare terug bestem dat 'n pakkie van sy beste saad hier by Hoërskool Oos-Moot "gelek, gelek en uitgeval" het. Per ongeluk was dit beslis nie, want oor soveel jare het hierdie besondere pakkie saad in die blombeddings van ons pragtige skool kom floreer en kon soveel jongmense saam met haar wortelskiet, groei en blom in haar besondere menswees en vakkennis.

Juffrou Karin, jou blomsoort is skaars, jou menswees werklik besonders- jou kennis en liefde vir jou vak ongekend. Juffrou is soos 'n Afrikaner blommetjie- dit kom elke jaar getrou op. Só, is juffrou vir ewig hier in die Oosie-blombedding geplant en dra soveel jongmense die vrug van jare se harde werk en liefde waarmee jy in hulle harte geskoffel en geplant het.

Jy sal vir altyd in die Oosie-harte blom.

(Crisna Bezuidenhout: oud-Oosie leerder en onderwyseres)



Juffrou Fourie een van jou leerders het die volgende boodskap geskryf, wat ons almal herinner aan die impak wat jy op soveel jong lewens gehad het:

***“Ek hoop dit gaan nog goed met Juf. Ek wou al lankal vir Juf sê hoeveel Juf se biologiese klas vir my beteken het. Deur die jare het Juf se passie en toewyding my altyd gemotiveer om harder te werk, vrae te vra en ’n dieper begrip van biologie te ontwikkel. Juf se bereidheid om altyd die ekstra myl te loop, het my waardering gegee vir alles van die eenvoudigste selle tot die kompleksiteit van landbou.*

Juf het altyd gesê dat niemand ooit ’n perfekte 100% op ’n toets kan kry nie. En alhoewel ek geweet het hoe uitdagend dit sou wees, het ek my bes probeer om so naby as moontlik daaraan te kom, grootliks omdat Juf my gemotiveer het om my perke te toets. Sonder Juf se leiding sou ek nie my liefde vir biologie ontdek het nie. Dit het my gelei om dit as my studierigting by die universiteit te kies en as my beroep.

Ek wens Juf alles van die beste toe vir Juf se aftrede, met die wete dat Juf ’n nalatenskap in die harte van Juffrou se leerders agterlaat.

*Liefde,
Monique Senekal (oud-Oosie leerder)”*

Hierdie woorde is nie net ’n weerspieëling van ’n leerder se ervaring nie, maar ook van die verskil wat jy oor die jare in soveel ander lewens gemaak het. Jou entoesiasme vir biologie en wetenskap, jou onwrikbare ondersteuning en jou bereidheid om leerders altyd met deernis en begrip te benader, is maar net ’n paar van die dinge waarvoor ons jou sal onthou.

Mag jou aftrede gevul wees met vreugde, rustigheid en die wete dat jy ’n onuitwisbare nalatenskap agterlaat—een wat veel verder strek as die grense van die klaskamer.

Met die grootste dankbaarheid en beste wense!



Mnr Johan Nolte (Onderwyser)

Ons neem ook afskeid van mnr Johan Nolte wat sedert 2020 deel van ons skoolgemeenskap was. As RTT-onderwyser het hy nie net akademiese groei by ons leerders bevorder nie, maar ook sy passie vir E-sport met ywer gedeel. Onder sy leiding het ons E-sportspan tot nuwe hoogtes gevorder en aan groot kompetisies soos Comic Con deelgeneem en presteer.

Sy grootste droom was egter nog altyd om sendingwerk te doen, en nou breek die geleentheid aan vir hom en sy vrou om hierdie roeping in Madagaskar na te volg.

Daar sal hulle help bou aan ’n kerk en voedingsprojek wat ’n lewensveranderende impak sal hê. Hy het besluit om ’n gemaklike lewe agter te laat om sy hart te volg en ander te dien.

Ons wil ons opregte dank uitspreek vir alles wat hy vir ons skool en leerders beteken het, nie net as onderwyser nie, maar ook as mentor en rolmodel. Dit is geen verrassing dat hy vanjaar as Solidariteit se Onderwyser van die Jaar aangewys is nie – ’n welverdiende eer! Ons groet met groot waardering en weet dat hy sy droom met oorgawe sal uitleef in Madagaskar. Gaan maak ’n verskil soos net jy kan!

Mnre Jeremy Martins en André Visagie (Assistent-Onderwysers)

Mnre Martins en Visagie is onderskeidelik in 2021 en 2019 as assistent-onderwysers by ons skool aangestel. Ons neem met groot dankbaarheid en trots afskeid van hierdie twee assistent-onderwysers wat hul volgende groot tree in hul onderwysloopbaan neem.

Beide het onderwysposte by Hoërskool Langehoven aanvaar en is nou volwaardige onderwysers. Ons wil van harte dankie sê vir hul onmisbare bydrae tot ons skool – hul harde werk, passie en toewyding het 'n blywende indruk op ons en ons leerders gemaak. Ons weet dat hulle ook by Langehoven hul plek vol sal staan en voort sal gaan om die gehalte-onderwys te lewer. Sterkte met hierdie opwindende nuwe hoofstuk!



Jeremy Martins



André Visagie

AKADEMIE

Besigtiging van Oktober/November antwoordstelle

Graad 8 tot 11-leerders (**nie ouers**) kry die geleentheid om na hul antwoordstelle te kom kyk nadat die eksamens afgehandel is. **Let wel:** Dit is nie vir bespreking van die memorandum nie maar om hul punte te kontroleer.

Datum : 25 November
Tyd : 09:00 tot 12:00
Plek : Vakpersoneellid

Vakveranderings (huidige graad 10 en 11-leerders)

Die Departement van Onderwys bied nou die geleentheid vir huidige graad 10- en 11-leerders om vakveranderings te doen vir 2025.

Slegs huidige graad 10- en 11-leerders (2024) wat om een van die volgende redes vakke moet verander, kan dit **voor 11 Desember 2024** doen:

1. Om aan die vereistes vir hul studierigting te voldoen.
2. Indien daar 'n risiko bestaan dat hulle 'n spesifieke vak nie gaan slaag nie.

Vakveranderingsvorm

- Klik op die [skakel](#) vir die Departementele vakveranderingsvorm.
- Die voltooide vorm moet voor 11 Desember 2024, per e-pos gestuur word na me H van Staden (vanstadenh@oos-moot.co.za).

Let asseblief op die volgende:

Graad 11 (2024)	Mag slegs EEN VAK verander
Graad 10 (2024)	<ul style="list-style-type: none">• Leerders wat nog geen vakke hierdie jaar verander het nie, mag TWEE VAKKE verander.• Leerders wat reeds een vak hierdie jaar verander het, mag net EEN VAK verander.• Leerders wat reeds twee vakke hierdie jaar verander het, mag GEEN VAKKE verander nie.

Navrae kan gerig word aan me M Gillies (gr.10) (m.gillies@oos-moot.co.za), me S van der Merwe (gr.11) (vdmerwes@oos-moot.co.za) of me H van Staden (vanstadenh@oos-moot.co.za).

Sluitkaste (lockers) 2024

Alle sluitkaste MOET asseblief op die laaste, 22 November 2024 leeggemaak wees en slotte verwyder wees.

Rapporte en jaarblaai

Rapporte

Die graad 8- tot 11-leerders se rapporte word uitgegee:

Datum : 11 Desember 2024

Tyd : 08:00 en 10:00 by hul voogonderwyser afhaal.

Jaarblaai

Die leerders wat voor die afsnydatum (30 Oktober) vir hul jaarblad betaal het, kan dit vanaf Maandag, 25 November tot 11 Desember 2024 kom afhaal.

Let wel: Jaarblaai word uitgereik volgens die betalingslys.

Handboeke – Inhandiging 2024

Graad 8 tot 11-leerders

Uitstaande handboeke MOET asseblief op 22 November 2024 inhandig wees.

Graad 12-leerders

Uitstaande handboeke MOET asseblief ingehandig word op 25 November 2024.

Uitsonderings

Leerders wat sieketoetse skryf in die week van 25 November handig hul uitstaande handboeke in op die dag wat hul skryf.

Handboeke - uitreiking vir 2025

Oosies jul handboeke is gereed vir uitreiking, sodat jul slaggereed sal wees vir die afskop van die akademiese jaar. Ons wil ongelooflik baie dankie sê vir ons handboekspan se uiters onbaatsugtige opoffering om na die eksamen te werk om bykans 18 000 handboeke gereed te kry vir uitreiking.

Die leerders ontvang hul handboeke, per graad en voogklas, op onderskeidelik die volgende datums:

26 NOVEMBER 2024		26 NOVEMBER 2024	
Graad 12 (2025)		Graad 11 (2025)	
Voogklasse	Tyd	Voogklasse	Tyd
A & B	08:00 tot 08:20	A & B	10:00 tot 10:20
C & D	08:20 tot 08:40	C & D	10:20 tot 10:40
E & F	08:40 tot 09:00	E & F	10:40 tot 11:00
G & H	09:00 tot 09:20	G & H	11:00 tot 11:20
I & J	09:20 tot 09:40	I & J	11:20 tot 11:40

27 NOVEMBER 2024		27 NOVEMBER 2024	
Graad 10 (2025)		Graad 9 (2025)	
Voogklasse	Tyd	Voogklasse	Tyd
A & B	08:00 tot 08:20	A & B	10:00 tot 10:20
C & D	08:20 tot 08:40	C & D	10:20 tot 10:40
E & F	08:40 tot 09:00	E & F	10:40 tot 11:00

G & H	09:00 tot 09:20	G & H	11:00 tot 11:20
I & J	09:20 tot 09:40	I & J	11:20 tot 11:40

Let wel: 2025 se graad 8-leerders ontvang hul handboeke aan die begin van 2025.

SKOOL SLUIT 2024 EN OPEN 2025

Skool sluit 2024

Die skool sluit amptelik op 11 Desember vir die leerders.

Skool open 2025

Die volgende belangrike datums vir ons leerders en ouers:

- 12 Januarie tot 14 Januarie : Graad 8 - Kamp
- 13 Januarie : Skool open vir PERSONEEL
- 15 Januarie : Skool open vir LEERDERS
- 15 Januarie : Graad 8-ouervergadering (18:00 in skoolsaal)
- 16 Januarie : Graad 9 tot 12-ouervergadering (18:00 in skoolsaal)
- 17 Januarie : Atletiek – Interhuis

SKOOLAKTIWITEITE EN LEERDERDAGBOEK 2025

Kalender: Skoolaktiwiteite

Die kalender met die skoolaktiwiteite vir 2025 (voorlopig) sal vanaf 11 Desember 2024 op die skool se [webwerf](#) beskikbaar wees.

Leerderdagboek

Die leerders ontvang aan die begin van die skooljaar 'n GRATIS skooldagboek. Hierdie dagboek moet elke dag by die skool wees. Belangrike inligting word in die skooldagboek uiteengesit.

SKOOLFONDS 2025

Met die algemene jaarvergadering gehou op 11 November 2024, is die skoolgeld vir 2025 bepaal:

SKOOLGELD: GRAAD 8 TOT 12 (per leerder)	
OPSIE 1: JAARLIKS	OPSIE 2: MAANDELIKS
R36 960.00 (eenmalig)	R3 080 x 12 Januarie – Desember

Inligting ten opsigte van vrystellings, kontantlose skoolomgewing, ensomeer is op die skool se [webwerf](#) beskikbaar.

DEBIETORDERSTELSEL

Die skool het in 2024 'n debietorderstelsel geïmplementeer. Ouers wat van hierdie stelsel wil gebruik maak om skoolfonds te betaal word vriendelik versoek om kontak te maak met Me. A Jacobs by finansies@oos-moot.co.za.

OORSKAKELING NA NUWE BANKREKENING BY FIRST NATIONAL BANK (FNB)

Ons wil u hiermee inlig dat die skool se bankrekening vanaf ABSA na FIRST NATIONAL BANK (FNB) oorgedra word. Hierdie verandering bied verskeie voordele vir die skool en help ons om ons finansiële prosesse te verbeter.

Die nuwe FNB-bankrekening is reeds geopen, en ons versoek dat u asseblief **NOU** reeds alle betalings na die nuwe rekening maak. Die besonderhede vir die nuwe rekening is soos volg:

Rekeningnaam	:	Hoërskool Oos-Moot
Bank	:	First National Bank (FNB)
Rekeningnommer	:	63124628041
Takkode	:	210835

Ons verstaan dat die oorskakeling na 'n nuwe bankrekening tyd kan neem, en daarom bied ons ouers 'n grasietydperk tot einde Desember 2024. Vanaf Januarie 2025 sal slegs die FNB-rekening gebruik kan word vir alle skoolbetalings. Ons waardeer ons ouers se begrip en samewerking in hierdie proses, en vertrou dat die oorgang glad sal verloop.

Enige navrae kan gerig word aan ons finansiële kantoor (finansies@oos-moot.co.za).

MERIETE UITSTAPPIES

Dit is tyd vir die jaarlikse meriete uitstappies. Leerders kwalifiseer slegs om die uitstappie mee te maak indien hul minder as 100 debietpunte teen hul naam het en 'n minimum van 50 positiewe punte. 'n Skrywe met volledige inligting is elektronies uitgestuur en op die skool se [webwerf](#) beskikbaar.

Leerders wat navrae ten opsigte van hul merietepunte het, kan by die onderskeie graadvoogde navraag doen.

Graad 8 en 9

Datum : 5 Desember
Plek : Gold Reef City

Graad 10 en 11

Datum : 6 Desember
Plek : Gold Reef City.

SKRIFTE, SKRYFBEHOEFTE EN WERKBOEKE 2025 (GRAAD 9 TOT 12)

Hier volg 'n uiteensetting van die skrifte, skryfbehoeftes en werkboeke vir 2025 vir al ons grade.
Let wel: Daar kan in 2025 nog addisionele skryfbehoeftes-, skrif- of werkboekversoeke wees.

Die graad 8-inligting is aan die einde van die nuusbrief uiteengesit saam met verskeie ander belangrike inligting vir hul aandag.

U kan die skrifte **self** of by die skool se **finansieskantoor** aankoop.
Maak asseblief seker dat u skrifte met lyntjies koop. Rig enige navrae asseblief aan finansies@oos-moot.co.za


Skrif	Koste per skrif
72 bladsye	R5.50
32 bladsye	R3.50
Werkboeke	
Word deur die skool bestel.	


GRAAD 9

LEERAREA	SKRYFBEHOEFTES
AFRIKAANS HUISTAAL	3 x 72 bl. skrifte 1 x A5 skrif Moet asb nie skrifte oortrek nie
ENGELS EERSTE ADDISIONELE TAAL	1 x 288 bl. hardebandskrif met lyntjies
WISKUNDE	2 x 196 bl. Hardebandskrifte
WISKUNDE VAARDIGHEID	1 x 20 bl. A4 portefeuljelêer
LEWENSORIËTERING	R120 vir werkboek: EFT of betaal in by finansieskantoor Verwysing: projek333Naam&Van
NATUURWETENSKAP	Glimpenne van eie keuse
SOSIALE WETENSKAP	2 x 72 bl. skrifte 1 x Helix Oxford meetkunde stel (*sien IGO). 1 x 10 bl. A4 portefeuljelêer (FlipFile)
EKONOMIESE- EN BESTUURSWETENSKAP	Besigheidstudies: 1 x 72 bl. skrif Rekeningkunde: R105 vir werkboek. Verwysing: projek343Naam&Van
TEGNOLOGIE	2 x 72 bl. skrifte
IGO	1 x Helix Oxford meetkundestel (*sien SW) 1 x 20 bl. A4 portefeuljelêer
ROBOTIKA	Geen
SKEPPENDE KUNS: DRAMA/KUNS	1 stel inkleurpotlode 1 x B potlood 1 x HB potlood 1 Putty uitveër 1 x 10 bl. A4 portefeuljelêer
SAKREKENAAR	CASIO fx-82ES PLUS

GRAAD 10


1.	AFRIKAANS HUISTAAL	1 x 72 bladsy skrif 1 x A5 boekie met lyntjies
2.	ENGLISH FAL	1 x 72 bladsy skrif 2 x 32 bladsy skrifte
3.	LO	1 x Werkboek (teen R120 betaalbaar by finansies)
4.	WISKUNDE	2 x 288 bladsy HARDEBAND skrifte 1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus)
5.	WISKUNDIGE GELET.	1 x 192 bladsy HARDEBAND skrif 1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus) 1 x Wiskundige Geletterdheid Graad 10 Werkboek (teen R180 betaalbaar by finansies)

6.	BESIGHEIDSTUDIES	3 x 72 bladsy skrifte 1 x Eksamenblok 1 x Besigheidshandboek (teen R150 betaalbaar by finansies)
7.	EKONOMIE	1 x Oopkniplêer (2 gate) 1 x Eksamenblok
8.	FISIESE WETENSKAP	Doc Scientia werkboek. (teen R430 betaalbaar by finansies)
9.	GASVRYHEIDSTUDIE	2 x 288 bladsy HARDEBAND skrif 'n Volledige koksdragstel word benodig vir Graad 10. Dit word gebruik tot Graad 12 tydens restaurantaande en prakties. Koksdrag kan aangekoop word by Totiusdal Handelshuis. Die kostes is as volg: Broek – R335 Baadjie – R335 Voorskoot – R150 Hoedjie – R80 'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese. Dit word sterk aanbeveel dat 'n groot genoeg plastiekkraat aangekoop word om dié benodighede in te vervoer tydens praktiese (foto hieronder).
		
10.	GEOGRAFIE	1 x 92 Hardeband skrif 1 x 360° Gradeboog
11.	IGO	IGO werkboek (teen R295 betaalbaar by finansies) Tekengereedskapstel (teen R1575 betaalbaar by finansies) A3 Tekenbord Passerstel: Tekenspasser met 0.3mm of 0.5mm potlooddrukstukke Tekenspotlood: 0.3mm Pentel drukpotlood met 0.3mm H-loodjies of 0.5mm Pentel drukpotlood met 0.5mm H-loodjies ATI / Pentel Click Pen-tipe uitveër Uitveëplaatjie 45° driehoek met arseerlyne en 180° gradeboog. 30/60° driehoek met sirkel stensel. Liniaal Rol maskeerband
12.	IT	2 x 72 bladsy skrifte of 1x 288 bladsy Hardeband 1x Flip File (20 Pocket)
13.	LEWENSWETENSKAP	1 x 192 bladsy HARDEBAND skrif, gradeboog en passer.
14.	RTT	2 x 72 bladsy skrifte of 1x 288 bladsy Hardeband 1x Flip File (20 Pocket)
15.	REKENINGKUNDE	1 x 72 bladsy skrif 1x flip file 1x werkboek (teen R200 betaalbaar by finansies)
16.	TOERISME	Toerismewerkboek (teen R350 betaalbaar by finansies)

17.	VERBRUIKERSTUDIES	<p>1 x 288 bladsy HARDEBAND skrif 'n VOORSKOOT, HOED EN KOKSBROEK word benodig vir Graad 10. Dit word gebruik tot Graad 12 tydens praktiese. Koksdrag kan aangekoop word by Totiusdal Handelshuis. Die kostes is as volg: Broek – R335 Voorskoot – R150 Hoedjie – R80 'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese. Dit word sterk aanbeveel dat 'n groot genoeg plastiekkraat aangekoop word om dié benodighede in te vervoer tydens praktiese (foto hieronder).</p> 
18.	ONTWERP	<p>1x A3 Visuele Dagboek (Portret) 1x Pritt Gom stiffie 1x Skêr 1x rubber/putty uitveër 1x Stel van 12 Goughe verf 1 x Masking tape Verfkwassies: <ul style="list-style-type: none"> • 2 Flat tip small : 5mm • 1 flat tip medium: 1 cm 2x Swart fine liners Gryspotlode: <ul style="list-style-type: none"> • 1x HB • 1x 2B </p>

VISUELE KUNSTE**BENODIGHEDE:**


SKILDER- /SKETSBENODIGHEDE	Grafietpotlode	6B, 4B, 2B, HB, 2H
	Houtskool	Kan saamgeperste houtskoolpotlode wees of wilgerhoutskoolstokkies.
	Pastelle	Oliepastelle - pak van 24
	Ink	Swart balpuntpen Klein houer stempel-ink (olie-vry)
	Verf	Akrielverf in die volgende kleure: Blou, Geel, Rooi, Wit, Swart, Prussian blou Minimum 75ml houer verf.
MATERIALE	Uitveër	Kniebare uitveër

	Kwasse	<p>Sagte borselkwasse: 3 Vierkantige kwasse: klein, medium en groot. 3 Ronde kwasse: klein, medium en groot. 1 Klein kwas vir fyner werk. 1 Waaierkwas</p> 
	Canvas	1 x A3 Canvas (box canvas of canvas bord)
	Palet	
	Fixative	Artist's fixative OF haarsproei (<i>aerosol</i> /tipe)
	Mounting board	2 x A3 monterborde
SKRYFBEHOEFTE	Skrif	1 x 72 bladsy skrif
*OPSIONEEL	Ekstras (opsioneel)	Waterverfpalet Canvas pad (word gebruik reg deur gr. 10 – 12)

GRAAD 11

ALGEMENE SKRYFBEHOEFTE	<p>1 x 'n Behoorlike sterk, stewige skooltas met versterkte afskortings. GEEN sakke word toegelaat! 1 x Pritt gom 1 x stel Highlighters / Glimpenne (6 kleure) 1 x Skêr 1 x Swart pen 4 x Blou penne 2 x Gewone HB-potlode 1 x Skerpmaker 1 x Uitveër 1 x Pakkie kleurpotlode 1 x 30cm Liniaal Papier en plastiek om boeke oor te trek 1 x Eksamenblok met gaatjies (lyne)</p>
AFRIKAANS HUISTAAL	<p>Ouers moet asseblief seker maak dat die skrifte lyntjies in het. 1 x 288 bladsy hardeband skrif met lyne 1 x A5 48 bladsy boekie met lyne 1 x 20 sakkie Flip File</p>
ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE	3 x 72 bladsy skrifte


LEWENSORIËNTERING	1 x Lewensoriëntering werkboek (teen R120 – verwysing Pr333 Naam Van)	
WISKUNDE	2 x 288 bladsy hardeband skrifte met lyne 1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus)	
WISKUNDIGE GELETTERDHEID	2 x 288 bladsy hardeband skrifte met lyne 1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus)	
FISIESE WETENSKAPPE	1 x Fisiese Wetenskap werkboek (teen R430 – verwysing Pr323 Naam Van)	
LEWENSWETENSKAPPE	1 x 192 bladsy hardeband skrif	
REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE	2 x 72 bladsy skrifte 1 x 288 bladsy hardeband skrif 1 x Flip File (20 Sakkies)	
IT	2 x 72 bladsy skrifte 1 x 288 bladsy hardeband skrif 1 x Flip File (20 Sakkies)	
REKENINGKUNDE	1 x Rekenkunde werkboek (teen R220 – verwysing Pr321 Naam Van) 1 x 72 bladsy skrif 1 x Flip File	
GASVRYHEIDSTUDIES	1 x 192 bladsy hardeband skrif 'n Volledige KOKSDRAGSTEL* word benodig vir Graad 11. Dit word gebruik tot Graad 12 tydens restaurantaande en praktiese. Koksdrag kan aangekoop word by Totiusdal Handelshuis. Die kostes is as volg: Broek – R335 Baadjie – R335 Voorskoot – R150 Hoedjie – R80 'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese. *Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie.	
VERBRUIKERSTUDIES	1 x 192 bladsy hardeband skrif 'n VOORSKOOT*, HOED* EN KOKSBROEK* word benodig vir Graad 11. Dit word gebruik tot Graad 12 tydens praktiese. Koksdrag kan aangekoop word by Totiusdal Handelshuis. Die kostes is as volg: Broek – R335 Voorskoot – R150 Hoedjie – R80 'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese. *Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie.	
VISUELE KUNSTE	Skilder-/skets benodighede	Grafiet potlode (6B, 4B, 2B, HB, 2H) Swart balpuntepen Klein houer stempelink (olie-vry) Akrierverf in die volgende kleure: Blou, Geel Rooi Wit Swart, Prussian blou (Minimum 75ml houer verf.)

		<p>1 x 72 bladsy skrif Sagte borsel kwasse: 3 Vierkantige kwasse: klein, medium en groot. 3 Ronde kwasse: klein, medium en groot. 1 Klein kwas vir fyner werk. 1 Waaierkwas</p>  <p>3 x A3 Canvas – 1 x per kwartaal (box canvas of canvas bord) Palet Artist's fixative OF haarsproei (<i>aerosol</i> tipe) Terpentyn</p>
	<p>Materiale</p>	
	<p>Ekstras (opsione e)</p>	<p>Waterverfpalet Canvas pad (word gebruik reg deur gr. 10 – 12) A3 <i>Mounting boards</i> vir leerders wat finale kunswerke in 'n sketsmedium voltooi.</p>
BESIGHEIDSTUDIES		<p>1 x Besigheidstudies werkboek (teen R150 – verwysing Pr319 Naam Van) 1 x 192 bladsy hardeband skrif OF 3 x 72 bladsy skrifte</p>
EKONOMIE		<p>1 x Eksamenblok met gaatjies (lyne) 1 x Lêer</p>
TOERISME		<p>1 x Toerisme werkboek (teen R350 – verwysing Pr317 Naam Van)</p>
INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP		<p>1 x IGO werkboek (teen R295 – verwysing Pr316 Naam Van)</p>
GEOGRAFIE		<p>1 x 92 bladsy hardeband skrif met lyne 1 x 360° gradeboog</p>

GRAAD 12

1.	AFRIKAANS HUISTAAL	<p>1 x A5 skrif met lyne 1 x Flip File (30 pocket) 1 x 288 hardeband skrif met lyne</p>
2.	ENGLISH FAL	<p>1 x 72 bladsy skrif met lyne 2 x 32 bladsy skrif met lyne</p>

3.	WISKUNDE / WISKUNDE GELETTERDHEID	2 x 288 bladsy hardeband skrif met lyne 1 x Wetenskaplike sakrekenaar (Casio fx-82ES Plus)
4.	LO	1 x Werkboek R100 (Verw: Projek334NaamEnVan)
5.	BESIGHEIDSTUDIES	1 x Werkboek R150 1 x Dik hardeband skrif OF 3 x 72 bladsy skrif met lyne
6.	EKONOMIE	1 x Eksamenblok 1 x Portefeuljelêer
7.	FISIESE WETENSKAPPE	Doc Scientia werkboek – R580.00
8.	GASVRYHEIDSTUDIES	1 x 192 bladsy HARDEBAND skrif 'n Volledige KOKSDRAGSTEL* word benodig vir Graad 12. Dit word gebruik tydens restaurantaande en praktiese. Koksdrag kan aangekoop word by Totiusdal Handelshuis. Die kostes is as volg: Broek – R335 Baadjie – R335 Voorskoot – R150 Hoedjie – R80 'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese. <i>*Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie.</i>
9.	GEOGRAFIE	1 x 92 bls hardeband skrif met lyne 1 x 360° gradeboog
10.	IGO	1 x Werkboek R295.00
11.	LEWENSWETENSKAPPE	1 x 92 bls hardeband skrif met lyne
12.	REKENINGKUNDE	1 x Werkboek R250 1 x 72 bladsy skrif met lyne 1 x Flipfile (20 Pocket)
13.	RTT / IT	2 x 72 bls skrifte <u>of</u> 1 x 288 bls Hardeband skrif met lyne 1x Flip File (20 Pocket)
14.	TOERISME	Toerisme werkboek – R350
15.	VERBRUIKSTUDIES	1 x 192 bladsy HARDEBAND skrif 'n VOORSKOOT* en HOED* word benodig vir Graad 12. Koksdrag kan aangekoop word by Totiusdal Handelshuis. Die kostes is as volg: Voorskoot – R150 Hoedjie – R80 'n Sponsie, skuurdraad en twee vadoeke word benodig vir skottelgoed tydens praktiese. Die Antwoordreeks handboek word in Graad 12 gebruik. Dit is beskikbaar by PNA. <i>*Indien die bostaande items klaar aangekoop is in Graad 10, hoef dit nie weer aangekoop te word nie.</i>

16.	VISUELE KUNSTE	Sien onder
<p>BENODIGHEDE: In gr. 12 spesialiseer leerders en besluit in watter medium hul hoofsaaklik wil werk. Daarom besluit leerders self watter materiale om aan te koop. Die leerder kan die onderstaande lys gebruik as riglyn. 'n Leerder wat nie verf as medium vir finale kunswerke gaan gebruik nie, hoef nie canvasse aan te koop nie. Leerders wat gaan skets i.p.v. verf, moet 'n A3 monteerbord aankoop per finale kunswerk.</p>		
SKILDER- /SKETSBENODIGHEDE	Grafietpotlode	6B 4B 2B HB 2H
	Houtskool	Kan saamgeperste houtskool potlode wees of wilgerhoutskoolstokkies.
	Pastelle	Oliepastelle - pak van 24
	Ink	Swart balpuntpen Klein houer stempelink (olie-vry)
	Verf	Akrielverf in die volgende kleure: Blou Geel Rooi Wit Swart Prussian blou Minimum 75ml houer verf.
MATERIALE	Uitveër	Kniebare uitveër
	Kwasse	<p>Sagte borselkwasse: 3 Vierkantige kwasse: klein, medium en groot. 3 Ronde kwasse: klein, medium en groot. 1 Klein kwas vir fyner werk. 1 Waaierkwas</p> 
	Canvas	A3 Canvas (box canvas of canvas bord)
	Palet	
	Fixative	Artist's fixative OF haarsproei (<i>aerosol</i> tipe)
	Mounting board	A3 monteerborde
SKRYFBEHOEFTES	Skrif	1 x 72 bladsy skrif

SPORT

Krieket 2024 en 2025

Oefensessies 2024

Afrigting gaan voort en sluit op 11 Desember af. Afrigters sal die tye op die onderskeie Whatsapp groepe deurgee.

2025 – Januarie toernooie

o.15 en 2de-span (Steenboktoernooi)

Datum : 6 tot 10 Januarie 2025

Plek : Oos-Moot velde

1ste span (Bloemfontein toer - KOVSIES smash)

Datum : 5 tot 10 Januarie 2025

Plek : Bloemfontein

Navrae kan gerig word aan krieket@oos-moot.co.za.

Netbal 2024

Oefensessies

Die oefensessies vir 2024 sluit hierdie week af.

Rugby en Netbal 2025

Bepanning en belangrike inligting ten opsigte van die 2025 rugby- en netbalseisoen is nou reeds beskikbaar en ons deel graag hierdie inligting. Volg asseblief die skakels.

Rugby

- [Eerste span toer na George: 29 Maart tot 4 April 2025](#)
- [USN High Schools Week: 28 tot 31 Maart 2025](#)

Netbal

Proewe (nuwe Oosies)

Nuwe leerders wat in 2025 by die skool begin (bv. huidige graad 7's) se eerste rondte proewe vind eers op **28 Januarie 2025** plaas.

Navrae kan gerig word aan netbal@oos-moot.co.za.

[2025 Netbalseisoen](#)

Oosie Ondersteuner- en sporthoede

Ons is baie opgewonde om ons nuwe Oosie-Sporthoed bekend te stel.

Ons poog om Hoërskool Oos-Moot se beeld op alle gebiede te verbeter en eenvormigheid is belangrik. Ons bied hierdie hoede te koop aan vir 'n **spesiale prys, teen R90 elk tot 29 November 2024**. Ons sal ook vanaf Januarie voorraad in die Oosie Winkel hê teen R110 elk.

Hierdie hoede is ons offisiële Oosie-Sporthoed wat saam met die Oosiedrag, sportdrag en skooldrag gedra mag word. (Tensy anders gekommunikeer word). Jy kan kies tussen 'n Oosie 'visor' en Oosie bofbalhoed. Bestel asseblief by die volgende [skakel](#).



GRAAD 8'S 2025

Graad 8 Avontuurkamp 2025

'n Graad 8-avontuurkamp word vir ons leerders gehou om hul inskakeling by die skool te vergemaklik. Ons wil graag dat AL die graad 8-leerders die kamp bywoon.

Datum : 12 tot 14 Januarie 2025
 Plek : The Mighty Apies River
 Koste per leerder : R1200 (sluit in verblyf, vervoer, etes en gebruik van kampfasiliteite)
 Finale betaaldatum is voor of op **7 Januarie 2024**.

Die skrywe met volledige inligting is by hierdie [skakel](#) beskikbaar.



Skryfbehoeftepakette 2025

Jy kan jou skooljaar nie sonder jou SKRYFBEHOEFTE begin nie. Jy kan vir jouself gaan skryfbehoeftes koop OF jy kan die hele **skryfbehoeftepakket by die skool aankoop teen R660** per pakket.

Sakrekenaar (Casio Scientific Fx82ES Plus2)	Waterverfstel (12 Croxley/Treeline)
Pilot/Faber BP1 Medium Pen (2)	Kleurpotlode (Bantex 12's 9719)
HB potlood (1)	Oliepastelle (12 Penguin)
2B potlood (1)	Swart fineliner (1)
4B potlood (1)	Eraser putty / kneadable faber
Skerpmaker (2 gaatjie – metaal)	A4 96 hardeband boek (1)
Uitveër – groot	Flip File 30 (A4)
Croxley Passerstel	Kleefband (12x33)
Bostik gom (2 x stokkies 40g)	Plastiekrol (3m)
Skêr (oranje 165mm Med)	"Highlighters" (stel van 4)
Vetkrytstel (C9 Croxley)	Stick 'n Film Index (5 pakkies merkerplakkers)
Liniaal 30cm	

Bestellings

- Bestel jou pakket by hierdie [skakel](#).
- Ouers wat skryfbehoeftepakette bestel het, moet dit asseblief **voor of op 21 November 2024**, by die finansieskantoor kom afhaal. Sien asseblief die tye hieronder.

Dag	Tyd
Maandae tot Donderdae	08:00 tot 14:00
Vrydae	08:00 tot 13:30

Betalings

Rekeningnaam : Hoërskool Oos-Moot
 Bank : First National Bank (FNB)
 Rekeningnommer : 63124628041
 Takkode : 210835
 Verwysing PR 313 + Naam en van.

Graad 8 skriftepakette, skryfbehoeftes en werkboeke vir 2025

1.	AFRIKAANS HUISTAAL	1 x A5 boekie 1 x 288 Hardebandskrif (lyntjies) 4 x bladsye kleur karton 1 x 32 bladsye skrif (lyntjies)
2.	ENGLISH FAL	1 x 288 bladsy Hardebandskrif
3.	EBW	1 x 72 bladsy skrif R75 vir 'n werkboek (Betaal in by projek 344 met verwysing: Projek 344NaamEnVan)
4.	NATUURWETENSKAP	1 x 72 bladsy skrif Casio Sakrekenaar (fx-82ES Plus) Glimpenne ('highlighters')
5.	SKEPPENDE KUNS	1 stel inkleurpotlode 2B en HB potlode 1 x Putty uitveër 1 x portefeuljelêer (A4)
6.	SOSIALE WETENSKAPPE	2 x 72 bladsy skrifte met lyne. 1 x Helix Oxford meetkunde stel (*Sien Tegnologie). 1 x <i>FlipFile</i> / Portefeulje lêer vir notas.
7.	LO	R120 vir werkboeke Betaal in by projek 333 (verwysing: Projek 333NaamEnVan)
8.	TEGNOLOGIE	2 x 72 bladsy skrifte IGO: 1 x Helix Oxford meetkunde stel (met passer) 1 x 20 sakkie <i>FlipFile</i>
9.	WISKUNDE	2 x 196 bladsy Hardeband skrifte met lyne 1 x Helix Oxford meetkunde stel (*Sien Tegnologie)

U kan die skrifte self of by die skool se finansieskantoor aankoop. Rig enige navrae asseblief aan finansies@oos-moot.co.za.

Skrif	Koste per skrif
72 bladsye	R5.50
32 bladsye	R3.50
<i>Maak asseblief seker dat u skrifte met lyntjies koop.</i>	
Werkboeke	
Word deur die skool bestel.	

Hokkie - Graad 8 seuns en dogters 2025**Oefensessie 2024**

Die oefensessie vir 2024 sluit op 22 November 2024 af.

2025 seisoen

Ons nooi graag die toekomstige graad 8-seuns en dogters (2025) wat wil hokkie speel om solank by die Whatsapp Groepe in te skakel.

- [Meisies](#)
- [Seuns](#)
- [Ouers - seuns](#)
- [Ouers - meisies](#)
- [Doelwaqters](#)

7-'N-KANT (2024)

Kom registreer vir ons 7-'n-kant-toernooi

Datums : 25 en 28 November
2 en 5 Desember
Tye : Sal bevestig word

Registrasie

Volg hierdie [skakel](#) om te registreer.

Registrasies **sluit op 21 November** om 12:00 sodat spanne saamgestel, die program uitgewerk en versprei kan word.

Koste en betaling

Per speler : R100
Betaling : Betaalbaar voor die eerste wedstryd
EFT of by die skool se finansieskantoor.

Rekeningnaam	:	Hoërskool Oos-Moot
Bank	:	First National Bank (FNB)
Rekeningnommer	:	63124628041
Takkode	:	210835\
Verwysing	:	#33Naam+van
Stuur bewys van betaling na l.steyn@oos-moot.co.za .		
Gebruik "Hokkie 7s en speler se naam" as onderwerp van die e-pos.		

Netbal - Afseisoenoefening vir graad 8's 2025

Oefensessies 2024

Die oefensessies sluit af op 22 November 2024.

Proewe (nuwe Oosies)

Nuwe leerders wat in 2025 by die skool begin (bv. huidige graad 7's) se eerste rondte proewe vind eers op **28 Januarie 2025** plaas.

[2025 Netbalseisoen](#)

Rugby – Afseisoenoefening vir graad 8 seuns 2025

Oefensessies 2024

Die oefensessies vir 2024 sluit op 22 November 2024.

Waverley

Wiskunde & Wetenskap



Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- **Career Direct:** Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepekeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913

STILTETYD

Gebedsbediening

Sukkel jy met gebed?

Voel dit asof jy teen die plafon vas bid?
Voel dit asof die Here ver van jou is, of stil is?

Gefasiliteerde gebed vir tieners en volwassenes wat help met:

- Angs
- Bevryding
- Bitterheid
- Depressie
- Doelloosheid
- Eensaamheid
- Leerprobleme
- Moegheid
- Verhoudingsprobleme
- Verwerping
- Vrees
- Woede, ens.

Izienne Grib | 064 657 4406 | iziennegrib@gmail.com



BEN SWART

• SLAGHUIS •

BEN SWART SLAGHUIS LOJALITEITSPROGRAM

VIR HOËRSKOOLOOS-MOOT PERSONEEL, LEERLINGE EN FAMILIES

Toon hierdie advertensie en kry jou lojaliteitskaartjie by Ben Swart Slaghuis.

Spandeer R500 of meer vir 'n stempel op jou persoonlike lojaliteitskaartjie.

Kry R450 korting op die 10de aankope vir R500 of meer. Terme en voorwaardes geld.

TEL: 079 399 1766
CNR BEN SWART STR & 24TH AVE. VILLERIA

✉ benswartslaghuis@gmail.com 📌 facebook.com/benswartstrslaghuis

Kitaarlesse



Let's rock Till the top!!

Kry kitaarlesse

vir R200 vir n uur lank een keer n week.

Leer van n beginner tot n gevorderde kitaar speler met tyd.

Musiek genres

- Pop
- Rock
- Metal
- Country
- Classical
- En meer

Sien hieronder

Leer om jou eie musiek te maak en stap vir stap enige liedjie op jou kitaar te speel.

Kontak: 0687745990

In Villeria Pretoria

FRIDAY
500g T-Bone SPECIAL
(served with chips or pap & sauce)

R100

ADD A DOUBLE OLOF BERGH WITH A COKE/COKE ZERO MIX OR A GLASS OF COKE/COKE ZERO FOR ONLY **R20**

NO TAKEAWAYS
While Stock Last

SINKHUIS RESTAURANT
EST. 1892

SIT DOWN ONLY

MONDAY SPECIAL

Chicken Schnitzel with chips and a cheese or mushroom sauce

R85

SINKHUIS RESTAURANT
EST. 1892

012 006 5359 Sinkhuis3@gmail.com No Takeaways

Tuesday Burger Special

Sinkhuis Restaurant

100g Beef Burger
100g Chicken Burger

R60

SINKHUIS RESTAURANT
EST. 1892

012 006 5359 **Beter As Jou Eie Huis** www.sinkhuis.com

SPRING SPECIAL

PRAWNS

EVERY **WEDNESDAY**

Beter As Jou Eie Huis

9 PRAWNS + RICE

R 99

012 006 5359
59 LYS ST., RIETFontein, PRETORIA, 0084

SINKHUIS RESTAURANT
EST. 1892

SATURDAY PIZZA SPECIAL

ANY 2 (LARGE) FOR R150

BOEREWORS CHUTNEY
CHICKEN MAYO & JALAPENO
HAWAIIAN PIZZA
PLANKIE STEAK PIZZA

SINKHUIS RESTAURANT
EST. 1892

SINKHUIS.CO.ZA
012 006 5359

Summer MENU

Coming SOON

SINKHUIS RESTAURANT
EST. 1892